LANDBOUBELEIDSTANDPUNTE

Landbou ‘n debatspunt

Landbou en landbouverwante aangeleenthede is nie net vir landbouers en vir persone wat by die landbou betrokke wil raak van belang nie, maar raak daagliks elke individu in ons samelewing. Dit is dus voor-die-hand-liggend dat politieke partye hulle oor landbou-aangeleenthede sal uitspreek en standpunt inneem. Net so belangrik is dit dat diegene wat in die landbou staan, se stem ook oor dié aangeleenthede gehoor word sodat tersaaklike standpunte, insluitend oor hoe beleid, wetgewing en programme in die landbou toepassing moet vind, ook in die openbare domein bespreek kan word. Dit is veral nodig in die aanloop tot ‘n verkiesing wanneer politieke partye die kieserspubliek meer intensief oor hul ideale en doelwitte inlig.

Vir dié doel vind Agri SA dit nodig om ‘n aantal landboubeleidstandpunte uit te lig waaroor politieke partye hulself teenoor landbouers en die breë gemeenskap behoort uit te spreek. Agri SA sal hierdie en verwante standpunte met alle politieke partye bespreek en beredeneer.

Winsgewendheid en mededingendheid

- Rolspelers in die landbou en die voedselwaardeketting het ‘n behoefte aan ‘n duidelike en billike landbou-handel-, tarief- en bemarkingsbeleid binne die konteks van die internasionale markomgewing wat verwring is vanweë die beskerming en subsidies van sekere regerings. So ‘n beleidsbedeling moet bydra tot landbou-ontwikkeling en verbeterde nasionale voedselsekuriteit.

- ‘n Toereikende landelike pad-, spoor-, en telekommunikasie-infrastruktuur is ‘n prioriteit vir die ontwikkeling en mededingendheid van die landbou. Die verval van sekere infrastruktuur verhoog koste en kan ernstige knelpunte met die hantering van uitvoerbare surplusse of noodsaaklike invoere oplewer. ‘n Meer doelgerigte infrastruktuurprogram, gerugsteun deur staatsbystand, is vir dié doel nodig.

- Geadministreerde pryse het ‘n noemenswaardige effek op die landbou se kostestruktuur. Die prysbepalingsmeganismes moet meer deursigtig wees en behoort kosteverhaling met oorwegings soos ontwikkelings-doelwitte en bekostigbaarheid te balanseer.

- Die plaaslike landboubedryf is blootgestel aan besondere klimaatrisiko's wat 'n meer omvattende en betekenisvolle bystandprogram as dit wat tans van toepassing is, regverdig. Die goeie administrasie van sodanige skemas om tydige en voldoende bystand te verseker, moet ook aandag geniet.

- Primêre produsente as rolspelers in die voedselketting word toenemend gemarginaliseer vanweë die voorkoms van monopolistiese of verwante praktyke wat mededinging beperk. Terwyl die markmeganisme vir prysbepalings-doeleindes van toepassing moet bly, is groter deursigtigheid van prysbepaling- en marktoegangspraktyke in die voedsel-waardeketting belangrik, gerugsteun deur die toepassing van mededingingswetgewing.

- Tegnologie-ontwikkeling en –oordrag asook 'n effektiewe regulatoriese bedeling wat omsien na plant- en dieresiektebeheer is 'n voorvereiste vir die ontwikkeling van die bedryf. Die identifisering van knelpunte en die ontwikkeling van toepaslike beleid oor dienslewering, finansiering en ontwikkelingsamewerking moet in noue oorleg met rolspelers in die bedryf geskied.

- Die landbou-dimensies van die integrering van die ekonomië van Suider-Afrika moet met die ontwikkeling van die plaaslike landboubedryf se potensiaal verreken word.

- Belastingaansprake soos eiendomsbelasting behoort in terme van aanvaarbare belastingbeginsels ook die betaalvermoë van die sektor te verreken.

Grondherverdeling, boerontwikkeling en Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging

- Bestaande kommersiële boere wat te midde van die transformasieproses wil voortgaan om te boer, se deelname aan die landbou moet, sover prakties moontlik, nie vanweë staatsingrepe nadelig aangetas of beëindig word nie.

- Vir groter sekerheid en vertroue moet duidelikheid en deursigtigheid ten opsigte van transformasieteikens en die toekoms daarvan verkry word.

- Die grondherverdelingsproses en die verbreding van toegang tot ander natuurlike hulpbronne moet met deursigtigheid binne die konteks van die erkenning van eiendomsreg, billike vergoeding en die behoud van produksiepotensiaal deurgevoer word. Daar heers kommer omdat

verskuilde onteiening sonder kompensasie vir die gepaardgaande verlies aan eiendomsreg, op ‘n verskeidenheid terreine ervaar word.

- Die staat moet markwaarde as norm gebruik wanneer grond vir grondhervormingsdoeleindes bekom word. Dit geld ook vir onteiening – wat as laaste uitweg vir grondverkryging behoort te dien wanneer *bona fide* onderhandelings misluk het – en met inbegrip daarvan dat ‘n grondeienaar hom op die hof moet kan beroep vir uitsluitsel oor die doel van grondverkryging asook vir prysbepaling.

- Oneffektiwiteit en administratiewe ongerymdhede in die staatstrukture wat vordering met grondverkryging en –oordrag strem, moet as belangrike hindernisse van die herverdelingsprogram dringend aangespreek en reggestel word.

- Die afhandeling van die restitusieproses word vertraag deur rompslomp en ‘n gebrek aan deursigtigheid. In verskeie provinsies is die gesloer met die afhandeling van grondeise ‘n remskoen vir vordering met die herverdelingsprogram omdat grond wat onder eis is nie vervreem, onderverdeel of ontwikkel kan word nie. Dit strem derhalwe ook noodsaaklike investering in landbouproduksie en het reeds ‘n negatiewe invloed op voedselproduksie.

- Die bydrae wat die landbou tot werkverskaffing en voedselsekuriteit maak, moet in die transformasieproses na waarde geag word en nie deur die najaag van onrealistiese teikens óf swak administrasie benadeel word nie.

- ‘n Geloofwaardige databasis oor die stand van grondbesit en eienaarsbelang in boerderye moet geskep en bygehou word, insluitend dit wat deur die markmeganisme en privaatinisiatief bygedra word. Dit moet intydse inligting verskaf waarmee die vordering met herverdelings-programme in die landbou ge-evalueer kan word.

- Plaaslike forums wat inklusief saamgestel is van belanghebbendes behoort benut te word vir doeleindes van identifisering van grond vir herverdelingsdoeleindes, die identifisering van begunstigdes en vir die mobilisering van ontwikkelingsondersteuning.

- Die naatlose oorgang van oordrag van grond aan begunstigdes verg beter beplanning en nougesette uitvoering sodat landbouproduksie in die proses instand gehou en bevorder sal word. Hierdie uitdaging moet deur die staat in samewerking met rolspelers, soos die georganiseerde landbou, aangepak word.

- ‘n Holistiese benadering moet ten opsigte van ontwikkelingsfinansiering gevolg word, geskoei op die totale koste van ‘n projek soos vervat in ‘n besigheidsplan. Die staat moet van geakkrediteerde agentskappe met bewese kundigheid gebruik maak om hom hiermee te ondersteun.

- Die Landbank behoort ‘n sleutelrol met die verskaffing van ontwikkelingsfinansiering te vervul. Vir dié doel moet die regering voortgaan om die nodige stappe te doen om die integriteit en geloofwaardigheid van dié instelling te herstel, ook by kommersiële boere wie se vertroue en deelname noodsaaklik is om die bank in staat te stel om sy mandaat vervul.

- Die staat moet organisasies en individue wat suksesvolle boerontwikkelingsprogramme bedryf, finansiëel te ondersteun.

- Die AgriSEB-proses moet met sensitiwiteit ten opsigte van die kleinsake-profiel van die kommersiële landbou toepassing vind, in pas met dit wat vir ander kleinsake-ondernemings in die algemene SEB-kodes vir beste praktyk voorsien word. Aansporingsmaatreëls behoort gebruik te word om vrygestelde en kwalifiserende kleinsake-ondernemings in die landbou by te staan met ontwikkelingsprogramme.

Arbeid en Sosiaal-maatskaplike funksies

- Die staat behoort ‘n reeks “van-die-plaas-af” behuisingsopsies vir plaaswerkers en hulle afhanklikes, insluitend vir arm “landelike bewoners” beskikbaar te hê ten einde te voldoen aan die langtermyn verblyfsekerheidbehoeftes van sodaniges. Landbougrondeienaars behoort nie ten laste gelê te word om ‘n staatsverantwoordelikheid ten opsigte van behuisingsverskaffing aan arm gemeenskappe na te kom nie.

- Aanspraak op verblyf op ‘n plaas, behoort gekoppel te wees aan die verskaffing van arbeid vir produksie op so ‘n plaas. Plaaswerkerbehuising op plase behoort van ‘n aanvaarbare standaard te wees en grondeienaars behoort toegang tot staatsbystandskemas vir die doel te hê.

- Dit is die staat se verantwoordelikheid dat daar ‘n effektiewe, bekostigbare en maklik toepasbare statutêre meganisme moet wees om te verhoed dat die onregmatige besetting van grond inbreuk maak op grondwetlike regte ten opsigte van eiendomsreg. In gevalle waar grond beset (“invade”) word, moet die staat streng optree om die regte van die grondeienaar te beskerm deur die summiere verwydering van onregmatige besetters.

- Binne wetlike bepalings behoort daar ruimte vir uitsettings te wees.

- Die staat en owerhede tot op plaaslike vlak behoort in ‘n noue vennootskap met landbouers in georganiseerde verband saam te werk met ontwikkelingsaksies gerig op die plaaswerkergemeenskap, veral ten opsigte van opleiding, sport en ontspanning, voeding en gesondheidsorg.

- Verskerpte immigrasiebeheer is nodig, nie slegs om plaaslike werksgeleenthede te beskerm nie, maar ook om druk op gesondheid en sosiaal-maatskaplike versorgingsisteme te verlig asook sosiale onrus te voorkom.

Omgewing en volhoubaarheidsoorwegings

- Suid-Afrika se landbouhulpbronne is ‘n nasionale bate wat ten beste vir mededingende en volhoubare voedsel- en veselproduksie benut moet word. Vir dié doel moet dit doeltreffend beskerm word, maar met inagneming van wat uit ‘n ontwikkelingsperspektief ‘n gesonde balans behoort te wees ten opsigte van aspekte soos onderverdeling, veranderde grondgebruikstatus, die toestaan van mynpermitte en besoedelingsbeheer.

- Wetgewing verbandhoudend met die omgewing asook die implementering van beleid, strategieë en regulatoriese aspekte is tans kompleks, verwarrend en gebrekkig. Dit behoort aangespreek, vereenvoudig en so toegepas te word dat die belanghebbende organisasies en geaffekteerdes optimaal tot omgewingsdoelwitte kan bydra. Koördinasie tussen verskillende stukke wetgewing, regulasies en toepassingsagentskappe moet ook verbeter.

- Die opleiding en behoud van professionele kundigheid vir die volhoubare bestuur, beskerming en ontwikkeling van natuurlike hulpbronne moet ‘n prioriteit wees.

- Besoedelingsbeheer, veral ten opsigte van water, is ‘n aangeleentheid wat ‘n nasionale prioriteit moet wees. Die situasie is besig om krisis-afmetings ten opsigte van voedselveiligheid en siektebeheer aan te neem. Aspekte soos beter beheer oor informele nedersettings se afvalstorting en ontoereikende watersuiwering deur plaaslike owerhede, moet dringend aandag geniet.

- Die doelgerigte ontwikkeling en implementering van ‘n hernubare energiebeleid en strategie wat die koolstofspoor sal beperk en klimaatsverandering teenwerk, moet aandag geniet. Dit sal onder andere verg dat ESKOM se alleenreg op elektrisiteitverskaffing en toegang tot sy verspreidingsnetwerk asook die bepaling van ‘n tariefstruktuur vir onafhanklike kleinkragopwekkers, aandag moet geniet. Dit sal daartoe

bydra om elektrisiteitsvoorsieningsprobleme te verlig en moontlikhede vir "energieboere" open.

Veiligheid en sekuriteit

- Daar is 'n gevestigde kultuur van geweld en gebrek aan respek vir lewe en eiendom in Suid-Afrika. Die probleem manifesteer homself in misdaad met 'n hoë voorkoms van brutaliteit. Agri SA verwag van die regering om 'n geïntegreerde misdaadvoorkoming- en bestuursplan te implementeer wat alle staatsdepartemente insluit waardeur misdaadbekamping effektief op 'n gekoördineerde wyse op alle regeringsvlakke bestuur kan word. Dit sluit 'n gestroomlynde kriminele regstelsel in.

- Landelike gemeenskappe het 'n besondere behoefte aan 'n meer effektiewe sektorpolisiëringstelsel, waarvoor mannekrag en toerusting benodig word. Die bedeling vir reserviste moet dit vir gewilliges in die burgerlike samelewing moontlik maak om in 'n groter mate as wat tans die geval is, by die polisiediens in te skakel.

- Doelgerigte optrede is nodig om korrupte elemente in die polisiediens uit te skakel en 'n bevredigende vlak van dienslewering te handhaaf.

- Die streng en konsekwente handhawing van die integriteit van Suid-Afrika se grenslyne is vir handel, siektebeheer, veiligheid, misdaadbekamping asook vir die noodsaak daarvan dat grondeienaars se gebruiksreg van eiendom behoorlik beskerm moet word teen oor-grens inmenging en belemerings. Leemtes in dié verband moet dringend reggestel word.

Balans met beleidvoering

In 'n tydvak waarin Suid-Afrika vir die eerste keer 'n netto invoerder van voedsel geword het en waarin voedselpryse nader aan die sentrum van die politieke debat skuif, word politieke partye oor die spektrum heen genoop om vars en met groot wysheid oor hulle houding, standpunte en beleid teenoor die landbou te herbesin. 'n Suksesvolle landboubedryf en voedselsekerheid in Suid-Afrika is nie gewaarborg nie en is tans uiters kwesbaar vir oningeligte beleidstandpunte en gebrekkige of verwronge implementerings-programme. 'n Oormatige fokus op die bedryf se transformasie-uitdagings en sosiaal-maatskaplike funksies ten koste van sy kernfunksies, naamlik dié van mededingende en volhoubare voedselproduksie, doen afbreuk aan die vermoë van die bedryf om optimaal te presteer. In die verband het Suid-Afrika 'n buurland as gevallestudie van waarheen 'n ideologies-gedrewe benadering tot landbou kan lei.

Agri SA het vertroue in die potesiaal van ons demokratiese bestel om die regte beleid te aanvaar en só toe te pas dat die landbou sal gedy en sy volle bydrae tot die ontwikkeling en voeding van Suid-Afrika en sy mense lewer.